KINDERWELSYN ADVIESRAAD

Wat is die Kinderwelsyn Adviesraad en wat doen die raad?

'n Kinderwelsyn Adviesraad sal 'n regeringsaangestelde liggaam wees met die opdrag om die regte en belange van kinders te bevorder.

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet gee die volgende sleutelfunksies aan die Kinderwelsyn Adviesraad:

- Om die Minister van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn oor kinderwelsynsdienste te adviseer;
- Om nuwe wette of aanpassings aan bestaande wette oor kinderwelsyn aan te beveel;
- Om enige regeringsliggame betrokke by die implementering van die Kindersorg- en Beskermingswet te adviseer;
- Om die implementering van die Kindersorg- en Beskermingswet en ander wette wat betrekking het op die wet te monitor;
- Om programme vir die beskerming en sorg van kinders te ontwerp;
- Om die deelname van nie-regeringsorganisasies en lede van die wyer gemeenskap te bemoedig oor sake wat betrekking het op kinderwelsyn.

Wie sal die lede van die Kinderwelsyn Adviesraad wees?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet bepaal dat die raad uit 15 lede, aangestel deur die Minister van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, sal bestaan:

- 8 regeringsbelanghebbers
- 4 privaatsektorbelanghebbers
- 3 gemeenskapsbelanghebbers

Die voorsitter word gekies deur die lede van die raad. Ten minste agt lede van die raad moet vrouens wees. Die normale tyd van aanstelling is drie jaar, met die opsie van heraanstelling.

Die publieke belanghebbers sal gekies word vanuit 'n lys van genomineerdes wat deur geïnteresseerde partye aan die Minister van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn voorgelê word. Dit beteken dat verteenwoordigers van kerke en tradisionele owerhede gekies kan word om op die raad te dien, maar dit is nie gewaarborg nie. Sekere lande maak seker dat sekere belangstellende groepe verteenwoordig is deur te versoek dat sekere raadslede van kerke, tradisionele owerhede, welsynsdienste en soms internasionale organisasies, soos UNICEF, op die raad dien.

Wat doen ander lande?

Kenya, Zimbabwe en Sierra Leone is voorbeelde van Afrikalande met rade oor kinderdienste. Zimbabwe se raad bestuur 'n begroting en kan aktiwiteite en programme finansier wat betrekking het op kinderwelsyn. Kenya se raad is betrokke by die beplanning, finansiering en koördinasie van kinderregte en welsynsaktiwiteite, en kan regulasies formuleer. Die raad in Sierra Leone het ondersteunende strukture in elke klein dorpie en hoofmansregering. Moet Namibië se raad van hierdie voorbeelde kennis neem?

VRAE OOR DIE VOORGESTELDE KINDERWELSYN ADVIESRAAD

Het Namibië 'n Kinderwelsyn Adviesraad nodig?

- Is daar enige bestaande liggame wat die voorgestelde funksies en pligte van hierdie raad kan uitvoer? Of is dit die beste om 'n nuwe liggaam wat net op kinderregte konsentreer, te hê?
- As Namibië 'n Kinderombudsman instel, sal daar 'n duplikasie wees tussen die rolle van hierdie amptenaar en die Kinderwelsyn Adviesraad?

Moet die Kinderwelsyn Adviesraad 'n meer spesifieke funksie en meer mag hê?

- Moet die Wet die deelname van spesifieke belanghebbers, soos tradisionele leiers, kerke, welsynswerkers, nie-regeringsorganisasies of internasionale organisasies, soos UNICEF, spesifiseer?
- Moet daar spesifieke strukture op streeksvlak en plaaslike vlak wees wat kan help met die implementering en ondersteuning van die werk van die raad, of is daar bestaande strukture wat die betrokke rol in Namibië kan speel?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek

Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of **Celeste Feris** (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of **Rachel Coomer** by die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die **Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn**, gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF.**

MGECW

unicef